CANOLAFOKUS
MONDSTUK VAN DIE CANOLAWERKGROEP

*Maart 2021 No.98*

# SKOONMAAK VAN SPUITAPPARAAT

**Chris Cumming – PNS Konsultant**

Enkele gevalle van onkruiddoderskade aan canola-aanplantings is in die 2020-seisoen aangemeld. Dit kan wees as gevolg van onkruiddoder residu's wat in die spuittenk oorgebly het na die laaste bespuiting of as gevolg van spuittenke wat nie behoorlik skoongemaak is na die vorige seisoen nie.



Figuur 1: Skade vermoedelik aangerig op canola deur sulfoniel ureum residu's in die tenk.

Die skoonmaak van spuitapparaat na afloop van die dag se toedienings behoort `n integrale deel van elke produsent se bestuur uit te maak. Spuitmengsels wat in `n tenk oorstaan kry die geleentheid om te `kleef` binne die tenk en maak ordentlike skoonmaak soveel moeiliker.

Die stappe wat gevolg moet word om spuitapparaat skoon te maak is soos volg:-

- Spuit die tenk leeg aan die einde van die dag, verkieslik op die land waar toegedien word.
- Spuit die binnekant van die leë tenk deeglik uit met `n hoëdrukspuit. Maak die tenk leeg deur die water deur die stelsel (pype, siwwe, spuitknoppe) te spuit weg van areas waar dit skade aan gewasse of die omgewing kan veroorsaak.

  Indien daar die volgende dag met dieselfde onkruiddoder gespuit gaan word, is dit voldoende.

  Indien daar vir `n tydperk nie gespuit gaan word nie of daar met `n ander onkruiddoder of op `n ander gewas gespuit gaan word, gaan voort met die skoonmaak proses.
- Maak die tenk vol skoon water.
- Voeg skoonmaakmiddel by volgens etiket en roer vir 5 tot 10 minute.
- Laat die tenk oornag staan. Die skoonmaakmiddel sal enige residu in die tenk oplos.
- Spuit die volgende dag die tenk leeg deur die hele stelsel.
- Haal die spuitkoppe, filters en siwwe uit en maak skoon met `n borsel in `n emmer met skoonmaakmiddel.
- Spoel die hele stelsel deeglik met skoon water.

Die meeste probleme wat ondervind word in canola is as gevolg van residu’s in spuittenke wat aan sulfoniel ureum (SU)-onkruiddoders toegeskryf kan word (Groep 2). Canola is uiters gevoelig vir baie klein hoeveelhede van die produkgroep en die SU`s is geneig om te kleef aan die binnekant van die spuittenk. As daar onkruiddoders wat oplosmiddels soos xileen in die formulasie het (soos sommige `fops` en `dims`) los hulle die SU-residu wat in die tenk agtergebly het op en kom dit dan in die spuitwater. Tipiese simptome van SU-skade aan canola saailinge is `cupping` van die jong blare wat geel en\of pers verkleur. Die blare kom leeragtig voor en die saailing bly verpot.



Figuur 2: Saailing met SU skade, `cupping` en die jong blare wat geel en\of pers verkleur

Diflufenikan (diflan) wat deel uitmaak van die “verbleik” onkruiddoders word ook verbind aan produkte wat redelik gereeld onkruiddoderskade by canola veroorsaak. Die skade kan uitgeken word as wit rande aan die jong blare van die canolasaailing. Tydens erge toestande (chemiese oordrag) kan die jong plant (saailing) afsterf.

Produsente moet veral let op watter onkruiddoders laaste met `n spuit toegedien was voor daar oorgegaan word na `n canolaland en ekstra aandag gee aan die skoonmaak van die spuitapparaat. Daar is deesdae `n aantal hoogs doeltreffende skoonmaakprodukte beskikbaar vanaf die chemiesemaatskappye. Maak seker u kies `n middel wat aandui dat dit die produk wat jy wil verwyder van die spuittenk kan oplos. Volg die aanwysings op die etiket.

LW: Moet nooit chloorbleikmiddels met ammoniak meng nie aangesien gevaarlike chloorgas kan vorm wat oë-, neus- en keelirritasie veroorsaak.

**Navrae:** Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com

**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer, Chris Cumming, Izane Leygonie

***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.

PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION